# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/09)

*Justin Chadwick (11 Desember 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

*GESEGDE VAN DIE WEEK: "You gain strength, courage and confidence by every experience by which you really stop to look fear in the face. You must do the thing which you think you cannot do" Eleanor Roosevelt*

## REGOOR DIE WêRELD

Vir baie produsente en ander in die sitrus uitvoervoorsieningsketting was 2009 'n moeilike jaar. As bewys dat ons nie alleen is met ons uitdagings nie wil ek graag 'n uittreksel van 'n e-pos met jul deel wat van 'n pomelo produsent in Honduras na 'n Suid-Afrikaanse produsent gestuur is *"Ek is al in die pomelo-bedryf vir die afgelope 40 jaar en my familie het die eerste rooi pomelo plaas in Honduras geplant. As gevolg van die verskriklike resultate van die 2009 seisoen dink ek ernstig daaraan om nie meer met die besigheid voort te gaan nie, die plaas te verkoop en te gaan visvang. Ek sal nie geld met die visvang maak nie maar ek maak ook nie enige met die pomelos nie en ek geniet visvang meer as pomelos."* Alhoewel dit amusante leesstof is, illustreer dit dat pomeloverbouing en uitvoere regoor die wêreld onder druk is. Wat klassiek van hierdie paragraaf is, is dit dit net so maklik deur 'n Suid-Arikaanse pomelo produsent geskryf kon gewees het.

En dan is daar 'n produsent in Turkye wat in die media as volg aangehaal is "Alhoewel die pryse van kunsmis en gifdoders sowel as arbeidskostes verhoog het, daal sitrus se prys jaar na jaar. Hoe kan 'n produsent verwag om te kry wat hy verdien en om 'n wins onder hierdie omstandighede te maak?" het hy gevra.

Om te weet dat ander regoor die wêreld ook sukkel is geringe vertroosting as die bankbestuurder aan die deur klop en jou besigheid die risiko om tot niet te gaan. As alle sitrusprodusente regoor die wêreld onder druk is, is dit sekerlik tyd om saam te staan en die wat verantwoordelik is vir die swak verdienstes te laat weet dat die huidige sitrus verdienstes nie volhoubaar is nie. Sonder die produsente is daar nie produkte nie – en almal in die ketting sal ook sukkel (hulle het egter die luuksheid om hul fokus te verskuif en met 'n ander produk te deel). Dit is nou tyd dat alle rolspelers in die globale sitrus voorsieningsketting verstaan dat die gans (produsent) wat die goue eier (sitrus) lê in 'n swak toestand is en aandag nodig het.

## BIOSEKURITEIT

Die klein komitee wat aangestel is om die CBS risiko bestuursmaatreëls vir 2010 te finaliseer het 'n paar keer vergader, met die mees onlangse vergadering hierdie Woensdag. Dankie aan diegene wat hul tyd en kundiheid beskikbaar gestel het om 'n werkbare stelsel daar te stel (Mike, Mashudu, John, Christo, Cyril, Vaughan, Steve en Johan). Tydens die ontwikkeling van die stelsel was dit noodsaaklik dat sekere kriteria gevolg moes word: die belangrikste is dat die stelsel moet verseker dat daar aan die handelsvennote se vereistes voldoen kan word; dit moet ook maklik wees om te verstaan, maklik om toe te pas en om maklik om te polisieer (die "KISS"-beginsel). Die stelsel is op so 'n manier ontwikkel dat die produsent/uitvoerder sy eie risiko kan bestuur. As hierdie nie effektief gedoen word nie is de-registrasie van die uitvoerprogram 'n werklikheid.

Die finale afronding aan die stelsel is in die proses en vroeg in die nuwe jaar sal die inligting beskikbaar gestel word. Dit sal in die vorm van twee dokumente geskied – een wat die stelsel beskryf en 'n ander wat die gereelde vrae (Frequently Asked Questions) hanteer. Sodra dit beskikbaar is sal dit op ons webwerf verskyn en sal dit via hierdie nuusbrief en ander kommunikasiekanale versprei word.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Elke jaar is daar 'n teenstrydigheid tussen die finale syfer van wat verpak is en die finale syfer van wat verskeep is. Alhoewel enkeles hiervan verduidelik kan word deur die feit dat sommige vrugte wat gepak en goedgekeur is tydens inspeksie nie werklik uitgevoer word nie, is daar ook bekommernis dat die verskeepte syfers nie volledig is nie. Soos voorheen genoem sal die EDI help om meer akkurate syfers te kan verkry. As ons oor die laaste vier jaar terug kyk is die teenstrydigheid gemiddeld omtrent 3 tot 6%; maar dit verskil per sitrustipe. Sien die syfers hieronder.

| ALLE 15 KG KARTONNE | Gepak | Verskeep | **Verskeep as 'n % van gepak** | **Verskeep as 'n % van gepak** | **Verskeep as 'n % van gepak** | **Verskeep as 'n % van gepak** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2009 | 2009 | **2009** | **2008** | **2007** | **2006** |
| Pomelos | 14 m | 13.7m | **98%** | **97%** | **100%** | **95%** |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 6 m | **88%** | **89%** | **93%** | **92%** |
| Suurlemoene | 8.7 m | 7.7 m | **89%** | **92%** | **90%** | **88%** |
| Nawels | 19.4 m | 19.1 m | **98%** | **99%** | ****98%** | ****95%** |
| Valencia | 38.5 m | 35.3 m | **92%** | **94%** | | |
| | 87.4 m | 81.8 m | **94%** | **95%** | **97%** | **94%** |

**** 2006 en 2007 syfers is vir alle lemoene en is nie in Valencia en nawels opgedeel nie.**

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**